basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## BESIGHEIDSTUDIES V1

## NOVEMBER 2021

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek TWEE hoofonderwerpe.

   AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae.
   Beantwoord enige TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling.
   AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae.
   Beantwoord enige EEN van die twee vrae in hierdie afdeling.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem deeglik kennis van wat vereis word.

   Let daarop dat SLEGS die eerste TWEE vrae in AFDELING B en die eerste EEN vraag in AFDELING C nagesien sal word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is. GEEN punte sal toegeken word vir antwoorde wat verkeerd genommer is NIE.

4. Behalwe waar ander instruksies gegee word, moet antwoorde in volsinne wees.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n riglyn vir punte- en tydtoekenning wanneer jy elke vraag beantwoord.

| AFDELING | VRAAG | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| A: Objektiewe tipe vrae VERPLIGTEND | 1 | 30 | 20 |
| | | | |
| B: DRIE direkte/indirekte tipe vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE. | 2 | 40 | 70 |
| | 3 | 40 | |
| | 4 | 40 | |
| | | | |
| C: TWEE opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN. | 5 | 40 | 30 |
| | 6 | 40 | |
| | | | |
| TOTAL | | 150 | 120 |

7. Begin die antwoord op ELKE vraag op 'n NUWE bladsy, bv. VRAAG 1 – nuwe bladsy, VRAAG 2 – nuwe bladsy.

8. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.6 D.

1.1.1 Hierdie Wet vereis dat besighede voorooreenkoms-state aan voornemende kliënte bied:

A Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008)
B Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet 34 van 2005)
C Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998)
D Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1997 (Wet 61 van 1997)

1.1.2 Jerome, 'n boer, het die … integrasiestrategie toegepas toe hy die vrugte-en-groente-stalletjie wat sy produkte verkoop, gekoop het.

A voorwaartse
B konglomerasie-
C horisontale
D terugwaartse

1.1.3. 'n Besigheid het volle beheer oor die … omgewing.

A ekonomiese
B makro-
C mark-
D mikro-

1.1.4 Hierdie voordeel is volgens wet verpligtend vir werknemers:

A Behuisingstoelae
B Mediese fonds
C Werkloosheidsversekeringsfonds
D Motortoelae

1.1.5 Die bemarkingsfunksie is verantwoordelik vir die … vir 'n besigheid.

A ontwerp van advertensieveldtogte
B vermeerdering van gehalteprodukte
C verskaffing van strategiese planne
D verskaffing van betroubare inligting (5 x 2) (10)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| gehaltebestuurders; veiligheidsreëls; SOOO's (SETAs); markontwikkeling; voldoende finansiering; gehaltesirkels; vergoeding; produkontwikkeling; diensverskaffers; totale kliënte-tevredenheid |

1.2.1 Siya Sonslim het hul leerlingskap-ooreenkomste by … geregistreer.

1.2.2 Joan Ondernemings het … as 'n intensiewe strategie geïmplementeer toe hulle 'n tweede tak in 'n ander stad oopgemaak het.

1.2.3 Tsego Vervaardigers het … by hulle induksieprogram ingesluit.

1.2.4 Groot besighede monitor … deur marknavorsing te doen om hulle kopers se behoeftes te ontleed.

1.2.5 Besighede gebruik … om hulle prosesse en stelsels in die werkplek te verbeter. (5 x 2) (10)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.3.1 Nasionale Kredietreguleerder | A identifiseer die besigheid se sterk punt in die markomgewing |
| 1.3.2 SSGB-ontleding | B beskryf die pligte en verantwoordelikhede van 'n spesifieke pos |
| 1.3.3 Afdanking | C kan verkry word indien al die besigheidsfunksies saamwerk |
| 1.3.4 Posbeskrywing | D vereis dat besighede wat lenings aanbied jaarlikse nakomingsverslae voorlê |
| 1.3.5 Gehaltebestuur | E beëindiging van 'n indiensnemingskontrak as gevolg van insolvensie |
| | F identifiseer 'n besigheid se sterk punte en swak punte |
| | G vereis dat besighede inligting op hulle verpakking vertoon |
| | H beëindiging van 'n indiensnemingskontrak as gevolg van wangedrag |
| | I kan in elk van die besigheidsfunksies vir aanspreeklikheid gebruik word |
| | J beskryf die minimum persoonlike eienskappe wat vir 'n pos benodig word |

(5 x 2) (10)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 2 op 'n NUWE bladsy, VRAAG 3 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Noem enige VIER kragte van Porter se Vyf Kragte-model. (4)

2.2 Beskryf kortliks die voordele van intensiewe strategieë. (4)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **ANDREW TUINDIENSTE (AT)** |
|---|
| Andrew Tuindienste het 'n afname in die vraag na hul dienste ondervind. Hulle het besluit om van hul trekkers te verkoop om hul skuld af te betaal. |

2.3.1 Identifiseer die soort defensiewe strategie wat AT toegepas het. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

2.3.2 Verduidelik EEN ander soort defensiewe strategie wat deur AT oorweeg kan word. (3)

2.4 Bespreek strafmaatreëls waarvoor besighede te staan kan kom vir nienakoming van die Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (COIDA), 1997 (Wet 61 van 1997). (6)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BANZI HANDELAARS (BH)**

Die bestuur van Banzi Handelaars voldoen aan die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997). Swanger werknemers word toegelaat om vir vier agtereenvolgende maande verlof te neem. Clark, die motorbestuurder, kwalifiseer vir een dag se verlof vir elke 17 dae wat hy gewerk het.

Identifiseer TWEE soorte verlof waaraan BH voldoen het, soos in die WBDV gestipuleer. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 2.5 te beantwoord.

| SOORTE VERLOF | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

2.6 Verduidelik die regte van werknemers ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995). (6)

2.7 Beveel maniere aan waarop besighede die volgende pilare van die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003) in die werkplek kan toepas:

2.7.1 Eienaarskap (4)

2.7.2 Ondernemings- en verskafferontwikkeling (OVO) (4)
**[40]**

## VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

3.1 Noem TWEE salarisbepalingsmetodes. (2)

3.2 Brei uit oor die betekenis van *plasing* as 'n menslikehulpbron-aktiwiteit. (4)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**LUNIC ONDERNEMING (LO)**

Lunic Onderneming het 'n vakante pos vir 'n voorraadkontroleerder in die plaaslike koerant geadverteer. Voorlopige onderhoude is gevoer omdat baie mense vir die vakante pos aansoek gedoen het. LO het die kandidate op die kortlys vir onderhoude genooi.

3.3.1 Haal TWEE aspekte van die keuringsprosedure aan wat LO in die scenario hierbo toegepas het. (2)

3.3.2 Verduidelik die onderhoudvoerder se rol gedurende die onderhoud. (6)

3.4 Evalueer die impak van byvoordele op besighede. (6)

3.5 Beskryf kortliks die gehalteaanwysers van die openbarebetrekkinge-funksie. (4)

3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**DAIRY'S BEPERK (DB)**

Dairy's Beperk het 'n verskeidenheid bederfbare produkte vir hulle klante aangebied. Hulle het idees ontwikkel om hulle prosesse en stelsels te verbeter. DB het besluit om verandering op klein skaal te implementeer.

Identifiseer TWEE stappe van die BDKH-model wat DB toegepas het. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.6 te beantwoord.

| STAPPE VAN BDKH-MODEL | MOTIVERINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

(6)

3.7 Bespreek die impak van totale gehaltebestuur (TGB) indien besighede dit swak implementeer. (6)

3.8 Gee besighede raad oor die verskil tussen *gehaltebeheer* en *gehalte-versekering.* (4)

**[40]**

## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSOMGEWINGS

4.1 Noem enige DRIE verbruikersregte soos in die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008) gestipuleer. (3)

4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KHANYA KOMMUNIKASIE (KK)**

Khanya Kommunikasie bied internetdienste vir verskillende kliënte aan. Hulle werknemers het as gevolg van onsuksesvolle salarisonderhandelinge aan 'n wettige staking deelgeneem. Gereelde beurtkrag het KK geforseer om op sekere dae vroeër te sluit. KK het ook baie kliënte aan Greg Kommunikasie afgestaan, wat soortgelyke dienste teen laer pryse bied.

4.2.1 Identifiseer die sakesektor waarin KK sake doen. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal. (3)

4.2.2 Haal DRIE uitdagings vir KK uit die scenario hierbo aan. (3)

4.2.3 Klassifiseer KK se uitdagings volgens die DRIE besigheidsomgewings.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 4.2.2 en 4.2.3 te beantwoord.

| **UITDAGINGS (4.2.2)** | **BESIGHEIDSOMGEWINGS (4.2.3)** |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |
| 3. | |

(3)

4.3 Verduidelik hoe die Sektorale Onderwys-en Opleidingsowerhede (SOOO's) befonds word. (4)

4.4 Gee besighede raad oor die stappe wat hulle moet oorweeg wanneer strategieë geëvalueer word. (4)

**BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

4.5 Noem VIER bronne van interne werwing. (4)

4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **GIANT HANDELAARS (GH)** |
|---|
| Daar word van Lisa, die bestuurder van die menslikehulpbron-funksie by Giant Handelaars, verwag om die werknemers wat werk van gelyke waarde doen, dieselfde te betaal. GH maak seker dat hulle 'n goeie verhouding met hul werknemers het. Lisa is versoek om 'n opsomming van die Wet op Gelyke Indiensneming (WGI) vir maklike toegang en verwysing by ontvangs te plaas. |

4.6.1 Haal TWEE implikasies van die WGI op die menslikehulpbron-funksie van GH uit die scenario hierbo aan. (2)

4.6.2 Verduidelik ander implikasies van die WGI op die menslikehulpbron-funksie. (4)

4.7 Verduidelik die voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel. (4)

4.8 Evalueer die impak van deurlopende vaardigheidsontwikkeling/onderwys en opleiding as 'n element van totale gehaltebeheer (TGB) op groot besighede. (6)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**

## AFDELING C

Beantwoord ENIGE EEN vraag in hierdie afdeling.

**LET WEL:** Dui die VRAAGNOMMER van elke vraag wat jy kies, duidelik aan. Die antwoord op ELKE vraag moet op 'n NUWE bladsy begin, bv. VRAAG 5 op 'n NUWE bladsy OF VRAAG 6 op 'n NUWE bladsy.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (BESIGHEIDSTRATEGIEË)

| |
|---|
| 'n Strategiese bestuursproses stel besighede in staat om geskikte strategieë te implementeer om die uitdagings wat die besigheidsomgewings bied, te oorkom. Baie besighede verkies om hul produkte te diversifiseer om volhoubaar in die mark te bly. Ander pas die PESTWO-faktore toe om uitdagings in die makro-omgewing te identifiseer en om maniere te vind om hierdie uitdagings te hanteer. |

Skryf 'n opstel oor die besigheidstrategieë waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die *proses van strategiese bestuur*.
- Verduidelik DRIE soorte diversifikasiestrategieë.
- Bespreek hoe die volgende PESTWO-faktore uitdagings vir besighede inhou:
  - Ekonomies
  - Sosiaal
  - Tegnologies
- Beveel maniere aan waarop besighede die uitdagings wat die PESTWO-faktore hierbo bied, kan hanteer. **[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (MENSLIKEHULPBRON-FUNKSIE)

| |
|---|
| Besighede moet die korrekte werwingsprosedure volg om geskikte kandidate te vind. Sommige besighede verkies die eksterne werwingsmetode en verseker dat nuwe werknemers behoorlike induksie ontvang. Dit is belangrik dat nuwe werknemers 'n wettige indiensnemingskontrak moet teken. |

Skryf 'n opstel oor die menslikehulpbron-funksie waarin jy die volgende aspekte bespreek:

- Beskryf kortliks die *werwingsprosedure*.
- Verduidelik die impak van eksterne werwing op besighede.
- Bespreek die voordele van induksie vir besighede.
- Gee besighede raad oor die regsvereistes van die indiensmeningskontrak. **[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou